NUUSKRUMMELS

05 Augustus 2021

‘n Nuwe maand, wat gaan jy die maand anders doen?
Ek begin met ‘n lys van dinge waarvoor ek dankbaar is, en delete dit dadelik. Bôôôring…!
Ek moet nuut dink. Waarvoor is ek dankbaar?

- ‘n Mens skreeu op die TV want die Bokke, neem ek aan speel vrot, gewoonlik werk dit op my senuwees. Vanaand is ek dankbaar. Rugby beteken ‘n stukkie normaliteit is terug.
- Facebook vriende, sommige van hulle ou skoolkennise, ander … ek het nie ‘n idee nie, “fake vriende?”, valse sin van gewildheid, nee wat iemand het iewers besluit: “sy lyk interessant genoeg om te volg” dit is ‘n kompliment. Dit is mos nie my kuiermaters nie, dit is kubermaters.
- ‘n Baie deurmekaar huis op ‘n Saterdag aand, beteken hier leef mense saam met my, ek is deel van ‘n gesin. En ek het ook gerus en nie net opgeruim nie.
- ‘n Bottermes en broodkrummels op die kombuistoonbank, iemand wat saam met my leef het moeite gedoen om vir hulle self kos te gee.
- Nog ‘n koue wintersdag, alles is vaal en stowwerig. Dit beteken lente is nader as gister!
- Vragte skoolklere op die wasgoedlyn, skole is weer oop, my kinders is gesond en kan dit bywoon. Ek hoef nie te homeschool nie. Nog normaliteit.
- Ons gaan stap ‘n draai met die hond, ek kom terug, dit voel of ek ‘n marathon gehardloop het, my hart suis in my ore … ek het herstel van Covid.
- ‘n Droë stuk brood in die broodlaai, ons het nog genoeg kos dat daar selfs oor is vir more oggend se mossiefamilie.
- In my kop is ‘n lys van name, hulle is nie meer hier nie, en my hart is stukkend. En dan onthou ek, hoe bevoorreg ek was, om met hulle die lewe te leef. En ek dank God vir die bederf-mense met wie ‘n stukkie saam reis kon deel.

Nadenke:

- Wat is die goed in jou lewe, wat jou mateloos irreteer?
- As dit die dag nie meer daar is nie, wat of wie gaan jy mis?
- Wees dankbaar vir die chaos, dit beteken jy deel die lewe met regte mense …

Teks: Psalm 16
9 By Hom is ek veilig; Hy hou my op die regte pad.
Ek is baie bly; my blydskap hou nooit op nie.
U sal nie toelaat dat die dood my onkant betrap nie.
10 Die dood kan niemand wat U liefhet uit u hand wegruk nie.
Ek sal nie in die graf beland nie.
11 U sal my leer om reg te lewe.
Daar is niks wat iemand groter blydskap kan gee as om saam met U te wees nie.
U gee altyd vir u kinders die heel beste.
Hulle kry die heel mooiste wat die lewe aanbied by U.

Gebed: Here leer my om met ‘n nuwe dankbaarheid te lewe! Die lewe met al sy vreemde ongemaklihede bly ‘n genade geskenk uit U hand. Amen

Bron: Ds. Hettie Wessels, NG Weltevreden (Facebook)

Nuus uit die Kerkkantoor

Covid-19-vlak-3:

- *Kantoorure : Maandag-Donderdag 09:00-14:00 en Vrydae 09:00-13:00*
- *Vroue-Bidgroep kom weer van Augustus af bymekaar.*
- *Gebedskursus kom eers in September weer bymekaar.*
- *Manne-Bidgroep het weer begin*
- *Lifeline Jeug begin Sondag 8 Augustus*
- *Kinderkerk – Lesse word per WhatsApp gestuur en is ook op die kerk se Webblad beskikbaar.*

EREDIENSTE

- *Geen eredienste vir nou.*
- *Eredienste sal begin sodra die inperkings verslap en 100 en meer mense toegelaat word.*
- *Ds. Petrie se geestelike videoboodskap, asook sy geskrewe boodskap, is Vrydae op die kerk se webtuiste en Facebook-blad beskikbaar. Die video word ook op die kerk se WhatsApp groep en ook per SMS na lidmate gestuur.*

VOORBIDDING

Ds. Petrie de Villiers vir sy boodskap.
Ons innige meegevoel met Lynette van der Walt en gesin met die afsterwe van haar man, Abrie.
Ons innige meegevoel met Dora Oberholzer en gesin met die afsterwe van haar dogter, Maryna
Voorbidding vir gesondheid en beterskap vir Ilse Swart se ouers en haar sussie. Haar pa is tans ernstig siek in die hospitaal.

Julle is in ons gebede.

Indien jy 'n gebedsversoek het, stuur dit asseblief na 0825605283 of na admin@lourensrivier.co.za
Alle inligting word as privaat hanteer en slegs met toestemming, sal versoeke gedeel word in die Nuuskrummels en/of gebedslede. Jy kan jou versoek ook as "anoniem" *** stuur.

POPI WET

Elke lidmaat moet asb 'n vorm voltooi en toestemming gee.
Kerke (en enige organisasie wat mense se inligting insamel) word verplig om skriftelike toestemming van lidmate te kry om hulle persoonlike inligting in te samel en veilig te bewaar, sodat slegs gemagtigde persone toegang het tot 'n persoon se persoonlike inligting.
Klik op die link om die vorm aanlyn te voltooi, of besoek die webblad vir die lidmaatskapvorm

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSe7weZgJybdv5CyfaCVh8m0vrK6jvFJeKL3UtbdCQgz-UD6MA/viewform?vc=0&c=0&w=1&flr=0

DANKOFFERS / BYDRAES

Jy kan ook jou dankoffer en bydraes vir die gemeente deur die **ZAPPER selfoon toepassing gee.**
Vir meer inligting of navrae:
Charlene @ 021 853 5991

Lourensrivier Gemeente
ABSA (Strand)
Takkode: 334-312
Reknr. 420 580 231
Betalingsbewys asb.
Aan: fin@lourensrivier.co.za

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

bp helderberg
BROADWAY 87
STRAND
021 854 7200

JC VORSTER 065 816 9617
HEARING CARE
for better hearing
• Medical aid rates • Easy parking access
• Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
• Noise / water/ sleep protection earplugs
• Quotations on repairs and new hearing aids
and professional audiology services
Spar/ Gaede Hoop Centre. Broadway Blvd. & Da Gama Street, Strand, Shop 4



Ondersteun ons borge / Ondersteun plaaslik

HBP
HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
082 872 6830 info@hbpconstruction.co.za
www.hbpconstruction.co.za

FIRE UP
• BRAAI AND KAGGEL WOOD
• GARDEN REFUSE / RUBBLE REMOVAL
Andre 076 019 8279
WE DELIVER

Your Property Consultant
Renette Oosthuizen
c +27 82 672 7950
e renette.oosthuizen@harcourts.co.za
Harcourts Platinum

JN POOLS & GENERAL MAINTENANCE
JEAN NAUDE: 082 559 6285
Fibreglass Relining
Pool Installation
Water Saving
Core Drilling
Pool Repairs
Paving
info@jnpools.co.za www.jnpools.co.za

Willie Strydom
Trustee & Franchisee
sasol
reaching new frontiers
Sasol Somerset West Trust
c/o Broadway & Kynoch, Somerset West
PO Box 1520, Strand, 7139, South Africa
Tel: +27(0)21 852 3828
Fax: +27(0)21 852 3819
Cell: + 27(0)79 878 3155
willie.strydom@absamail.co.za

MSA
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS
Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

Dr Wimpie Basson
B. Ch. D. (Stell) • Pr. No. 5439752
Helderberg Dentists
T 021 853 7201 F 021 854 4347 C 083 629 1672
E drbasson@iafrica.com www.helderbergdentists.co.za
Hoofweg 115 Main Road, Strand
PO Box 422, Strand 7139

Karien Burke
From Bump to Baby & Beyond
0720400614
info@karienburkephotography.co.za
www.karienburkephotography.co.za
Social Media
@karienburkephotography

Jou finansiële toekoms is
Besigheidsbeplanning
Boedelbeplanning
Beleggingsadvies
Persoonlike dekking
Voorsiening vir aftrede
Inkomstebeskerming
Besoek ons ny Van Ryneveldstraat 18, Strand.
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179 | 082 468 1099
admin@arcani.co.za
Arcani BlouSter
Finansiële Advisedienste
Sanlam is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.

NAILIT
HANDYMAN SERVICES
• Painting
• Tiling
• Roof repairs
• Bathrooms
QUALITY WORKMANSHIP
Pierre Oosthuizen
072 929 4373

Flamēros
CHICKEN GRILL
021 854 7774

STRAND
KWIKSPAR
Goedehoop Centre, Cor Broadway & Da Gama
Strand, 7140
T: 021 853 2095
F: 021 853 7674
E: strandspar@hotmail.com
www.spar.co.za

Liewe Heer,

Ons kom raak vanaand stil voor U voete en kom lê ons families, vriende & kennisse voor U neer. Abba Vader, U ken elke behoefte, bekommernis, seer, vreugde. Ons vra U om in te gryp en op te tree in elke situasie volgens U wil.
Here, ons dink in besonder vanaand aan hulle wat seer het, hulle wat voel dat daar net geen hoop meer is nie. Wil U hulle asseblief lig gee in die tyd van donker.
Here, dan kom vra ons dat U sal help met vernuwing in ons land, dat die hele Suid-Afrika soos een man sal verklaar, JESUS IS KONING.
Dankie dat U luister, dankie dat U elkeen van ons raak sien. Dankie dat ons ons oë na Bo kan rig.

Aan ons Verlosser al die eer.
Amen

Kinderkerk : Jakob die Bedrieër

Rebekka het 'n plan gehad. Gou het sy die kos gekook waarvoor Isak baie lief was. Jakob het Esau se klere aangetrek en die vel van 'n bokkie om sy arms en nek gesit. Isak kan nie meer goed sien nie. Miskien kan hul hom mislei.

Jakob het die voedsel na Isak geneem. "Jy klink soos Jakob," sê Isak, "maar jou hande voel soos Esau." Nadat hy geëet het, seën Isak die seun wat voor hom kniel.

Net nadat Jakob weg is, kom Esau by Isak. "Hier die die kos," sê hy. Isak het geweet dat hy gekul is. "Ek kan die seëning nie verander nie," het hy gehuil. Esau se hart was gevul met haat. Hy het besluit om Jakob dood te maak.

Rebekka het Esau se dreigemente gehoor. "Gaan na jou oom se huis," sê sy aan Jakob, "tot jou broer vergeet het wat jy gedoen het." Isak het saamgestem dat Jacob vir hom 'n vrou moet kies uit sy moeder se familie. Jakob het die huis verlaat.

Daardie nag het Jakob gestop om te slaap, met 'n klip vir 'n kussing. Miskien was hy alleen, miskien bang. Hy was egter nie alleen nie. God het met hom gepraat in 'n wonderlike droom.

"EK IS DIE GOD VAN JOU VADERS, ABRAHAM EN ISAK. EK IS MET JOU. EK SAL AAN JOU HIERDIE LAND GEE. DEUR JOU FAMILIE SAL ALLE FAMILIES OP DIE AARDE GESEëND WEES." Nadat God klaar gepraat het, het Jakob wakker geword. Hy was baie bang.

Jakob se oom Laban het hom verwelkom. Jakob was baie lief vir Ragel en het Laban sewe jaar gedien sodat hy met haar kan trou.
Maar, die aand van die troue het Laban Jakob gekul.

"Hierdie is Lea, nie Ragel nie," het Jakob gekla. "Jy het my verkul." "Die oudste dogter moet eerste trou," het Laban gesê. "Trou nou met Ragel ook en dien my 'n verdere sewe jaar." Jakob het ingestem om dit te doen. Miskien het hy onthou hoe hy Isak en Esau verkul het.

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

Klippe-kind (Genesis 28)

Ek is vanoggend U Jakob-kind, Here. U klippe-kind. U deurmekaar-onseker-weghol-kind. Jakob, daar in Genesis het mos geweet van Klip-paaie en plekke. Die klip-pad van ‘n deurmekaar gesinslewe. Die klip-pad van verkeerde keuses. Die klip-pad van weghardloop . . .
Ons, hier aan die anderkant van Genesis, ken ook van klip-paadjies, Here. Verhoudings wat nie wil werk nie, en waar ons die een klip na die ander gooi. Die klippe van depressie, wat soos berge in ons pad kom lê. Die harde, koue marmer-seer wat die dood bring. Die klippe van alleen-wees en eensaam wees. Die harde klippe van selfverwyt. Klippe van verlang wat soms in rotse verander. Klippe van hospitale wat oorvol is, ‘n virus wat ons onderstebo hardloop . . . en besighede en dorpe wat stukkend gegooi word met klippe van politiek en geweld. Ons ken van klippe, Here.

Jakob het hulle ook geken. En een nag, toe hy so met die klip onder sy kop lê en slaap, het U stil by hom kom staan en sag vir hom gesê: "Ek is by jou, Jakob. Ek gaan jou nie in die steek laat nie." Sommer net so. U het geweet U klippe-kind kry swaar. En dit was vir U so belangrik dat U kind moet weet dat U daar is. Dat U nie weg is nie. Nooit nie weggaan nie.

En toe Jakob wakker word, Here, het hy stom gefluister: "Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie . . . " En toe het hy sy klip gevat, dit neergesit en dit 'Bet-El' genoem - die plek waar God is.

Ons gaan so baie kere soos Jakob deur die lewe, Here. So effentjies-effentjies probeer ons elke dag oorleef en dit maak tot by die volgende dag - die klippe in ons pad steek ons voete stukkend en maak ons harte huil. En dan vergeet ons soms dat U, aan wie die heelal behoort, altyd by ons is. Langs ons is. Onder ons is. Dat U ons toevou en omvou met U liefde. Dat U elke klip op ons pad ken, ook die klippe wat ons in ons harte gaan wegbêre. Ons vergeet dat U ons oor ons klippe-pad dra.

Help my, Here . . . help my om my 'kommer-klippe' uit te haal en dit neer te sit by U voete. Help my om U stem te hoor, U stem wat stil ook vir my kom sê: “Ek is hier . . . Ek is ook hier op jou klippe-pad.”

U gaan nie weg nie, Here. U is altyd hier . . . hier by my. En omdat U hier by my is, kan ek soos ‘n ribbok kaalvoet oor die klippe dans. Ek dien U nie omdat ek wil hê U moet die klippe wegvat en my pad mooi en gelyk maak nie. Néé, ek dien U, want U langs-my-wees, U hier-wees op my klippe-pad, dit vir my genoeg, Here. U vashou dra my wanneer die klippe te veel word. U liefde help my om anderkant die klippe te kyk, verder te kyk as dit wat hier voor my voete lê . . . want daar anderkant die klippe-pad, sien ek hoe U opgewonde-bly vir my inwag. Daar by die Plek waar daar nie klippe is nie, Here. Daar waar ons altyd se altyd gaan bly wees.

Tot dan, Here . . . help my asseblief om my klippe in die oë te kyk, sonder om bang te wees of weg te hardloop. Help my om by elke klip ‘n kruis te plant . . . ‘n kruis wat my herinner dat U, Here, ook by hierdie klip is. Dat U nooit sal weggaan of my alleen by die klip op my pad sal los nie.

Asseblief, Here . . .

U Klippe-kind.

(Katrienkie@2021)

Soos ontvang per WhatsApp